**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 2 9 9 | 8 0 8 1 3 2 2 5 | 3 2 9 | 1 6 6 5 a |

DIE VADERLAND Jg. 66 Nr. ........ P. 1 Dat. '81 8. 13.

# Vuur pyle ruk Voor

**TREFWOORDE**

1. Voortrekker-hoogte
2. Vuurpyle
3. Aanvalle
4. Kommentaar
5. Stedelike Terrorisme
6.
7.
8.
9.
10.

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 2 9 9 | 8 1 0 8 1 3 2 2 5 | 3 2 9 | 1 1 6 6 5 b |

DIE VADERLAND Jg. 66 Nr. ..... P. 1 Dat. 81 8. 13.

TREFWOORDE
1
2
3
4
5
6
7
8
9
10

# trek ker hoogte

Vaderland-verslagspan

PRETORIA — Vier ontploffings het gisteraand die Voortrekkerhoogte-gebied in Pretoria geruk. 'n Swartvrou is in die ontploffing beseer. Na wat verneem word verkeer sy in 'n bevredigende toestand in 'n Pretoriase hospitaal.

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 2 9 9 | 8 10 8 1 3 2 2 S | 3 2 9 | 1 1 6 6 5 C |

1981 8. 3.

DIE VADERLAND Jg. 66 Nr. ........ P. / Dat. ........

'n Woordvoerder van die Weermag het bevestig dat vier 122 mm-vuurpyle waarskynlik van kommunistiese oorsprong gisteraand in die Voortrekkerhoogte-militêre gebied ontplof het.

Dit was waarskynlik 'n terroriste-aksie, het hy gesê.

Die lanseerbuis vir die vuurpyl is reeds gevind en die ondersoek na die voorval duur voort.

Daar is min skade deur die ontploffings aangerig, het die woordvoerder gesê.

Verteenwoordigers van die pers besoek vanoggend die gebiede waar die vuurpyle ontplof het.

Die naam van die beseerde vrou is nog nie bekend gemaak nie.

Kort na die skiet- en bomaanvalle by Voortrekkerhoogte en die Indiërwoonbuurt Laudium naby Pretoria, is al die lede van die polisie aan die Rand en in Pretoria oor 'n uitgebreide gebied op 'n gereedsheidsgrondslag gebring.

Padversperrings is op al die snelweë na Johannesburg, en veral die hoofpaaie na die swart woongebiede, opgerig.

Behalwe vir 'n bom-aanval by 'n Weermagwerwingskantoor in Durban, is dit die eerste aanval op 'n militêre basis in Suid-Afrika.

## Erasmia

Die ontploffings is duidelik deur inwoners van Erasmia, sowat 5 km daarvandaan gehoor.

„Ek het reeds geslaap en het wakker geskrik met die eerste plofslag. My eerste gedagte was dat dit 'n terroriste-aanval is.

„Om die een of ander rede het ek begin tel. Elke keer as ek by 20 kom, was daar nog 'n ontploffing. Daar was altesaam vier," het mev. E. van der Westhuizen van Erasmusstraat vanoggend vertel.

„Omdat die plofslae met sulke gereelde tussenpose was, het ek daarna aanvaar dat dit seker maar Mirage-vliegtuie was wat agtereenvolgens deur die klankgrens gebars het."

Mev. L. du Toit, van Peterstraat, Erasmia, het gesê hulle het pas die televisiestel afgeskakel toe hulle die ontploffings hoor.

„Dit het anders geklink as die dinamiet ontploffings by die dolomietgroef sowat vyf kilometer hiervandaan," vertel sy.

"Dit was ook verskillend van die plofgeluide by die Weermag se oefenterrein by Skurweberg, waaraan ons al gewoond is.

„Ek het groot geskrik, want dit was so 'n rogge!geluid wat ek nie kon verklaar nie," het sy gesê.

## Skietgeluide

Mnr. M. Strydom van Lyttleton sê dat hulle wel „skietgeluide" gehoor het, maar hulle probeer maar altyd positief dink. Hy het nie 'n idee gehad van wat dit kon gewees het nie en het maar aangeneem dat werksmense verkies om in die nag met dinamiet te skiet.

Blykbaar word daar taamlik baie in die omgewing met dinamiet geskiet.

TREFWOORDE

1 ........

2 ........

3 ........

4 ........

5 ........

6 ........

7 ........

8 ........

9 ........

10 ........

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 2 9 9 | 8 10 8 1 3 0 2 5 | 329 | 1665d |

81 8. 13.

**DIE VADERLAND** Jg. 66 Nr. P. 1 Dat.


„Jong, dit is oorlog," het mev. M. Oosthuizen van Lyttleton se man aan haar gesê nadat hulle gisteraand wakker geword het van plofgeluide.

Hy het haar gerusgestel en gesê dat dit moontlik dinamiet kon gewees het. Sy sê dat as haar man nie daar was nie, sy tien teen een groter sou geskrik het.

Mev. D. Butler van Lyttleton sê dat sy wel plofgeluide gehoor het, maar sy het aangeneem dat dit dinamiet was. Haar man het ook wakker geword, maar hulle het nie juis geskrik nie.

Daar loop treinspore digby hulle huis verby en hulle is al gewoond aan allerhande snaakse geluide.

Mev S. B. Foster, huisvrou van Voortrekkerhoogte sê hulle het vier skote gehoor en „daar was ongeveer drie tot vier minute tussen elke skoot, maar die slag was nie baie hard nie."

Mev. L. Geers, huisvrou van Voortrekkerhoogte sê hulle het gisteraand televisie gekyk en het glad niks gehoor nie.

Mev. J. Ferreira van Pretoriushof, Voortrekkerhoogte: „Ons het geslaap en het niks gehoor nie."

**TREFWOORDE**

1

2

3

4

5

6

7

8

9

10